

Afkondigings

Aanvang van diens: Votum, Seëngroet

Offergawes

Lofsang

P&W

- Ons Koning kom
- **Ek hef my hande op**
- Vlam
- Open the eyes of my heart, Lord
- Heer Jesus, my Redder

Skriflesing: Efesiërs 3:1-21 (spesifiek 14-21)

14 ¶ Daarom kniel ek in gebed voor die Vader

15 aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het.

16 Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word,

17 dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

18 Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.

19 Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

20 Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,

21 aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

Prediking:

'n Seuntjie stap saam met sy ma kafee toe. Die eienaar, 'n dierbare man, besluit om vir die seuntjie lekkers te gee. Hy steek sy hand in 'n groot glasbottel met sagte lekkers en hou 'n handvol na die seuntjie toe uit. "Kry vir jou, ou maat."

Die seuntjie is normaalweg uitgaande en glad nie skaam nie. Nou deins hy egter bietjie terug, onseker of hy die lekkers moet vat. Die oom gooi dit in 'n papiersakkie en gee vir hom aan. Met 'n groot glimlag gryp hy die sak lekkers vas.

Op pad terug vra sy ma: "Hoekom wou jy eers nie die lekkers vat nie?"

"Die oom se hand is soveel keer groter as myne," sê die seuntjie, "die meeste lekkers sou op die grond val!"

God gee oneindig baie

Efesiërs 1 tot 3 beskryf die kerk van die Here as resultaat van die geweldige groot gawes wat God gee. Die bestaan van die gemeenskap van gelowiges, van ons geloof, van ons verborgenheid in Christus, en van ons deel hê aan die genadegawes van God, is die vrug van God se oorvloedige gawes.

Onthou ons geboortemoment

Die kerk moet haar geboortemoment voortdurend onthou om op koers te bly. Ons kom voort uit die werk van **God die Vader, in en deur die lewe, sterwe, opstanding en hemelvaart van ons Here Jesus Christus, deur die kragtige werk van die Heilige Gees**. Dit stempel ons **identiteit** en rig ons **roeping**. Ons leef in die voortgaande dinamika en werk van hierdie God wat sy kerk steeds gebruik om hierdie skeppingsdoel uit te leef.

In baie mense se gemoed ontstaan verwarring oor die kerk as ons uitsig op ons geboortemoment verloor. Mense mag dink:

- die kerk is gebore uit 'n morele kode en moet bloot 'n stel morele waardes afdwing of bemark;
- die kerk is geroep om die bekende omgewing, die status quo, te beskerm en te bewaar;
- die kerk is bloot daar om sy lede te versorg;
- die kerk is bloot 'n geestelike vulstasie vir mense wat reeds deel is daarvan;
- die kerk is niks meer as kerklik-institusionele strukture nie;
- die kerk funksioneer net wanneer eredienste of formele kerklike programme en kommissie-vergaderings gebeur;
- die kerk is 'n warm lewensgemeenskap - vir sy lede.

Ons kan 'n lang lys van misverstande maak. Hoewel daar waarheidsmomente in hierdie misverstande mag steek, mis die dit kragtige dinamika van die leweskeppende God wat 'n greep op mense se lewens kry, met sy volheid in hulle woon, **en die wêreld deur hulle vernuwe en genees** onderweg na die volle inhoud van die beloftes wat God vir hulle weggeleê het.

Vraag – hoekom behoort 'n mens aan die kerk? Waaroor gaan ons geloof? Hoekom het Jesus aarde toe gekom?

Praat dan oor die vrae en antwoorde:

Jesus het aarde toe gekom om ons NUUT te maak, om vir ons 'n NUWE LEWE te gee. Hy het God se koninkryk kom vestig en vir ons kom leer hoe om saam met Hom daaraan deel te neem! In kort: geloof gaan oor Jesus, om Hom te volg daarin om die Koninkryk van God aarde toe te bring. Om ons te wys hoe om vir God te lewe, hoe om die regte besluite oor dinge te maak. Daarom behoort ons aan 'n kerk = sodat ons saam kan werk aan die uitbou van die Koninkryk van God.

Wat is die Koninkryk van God? Die Koninkryk van God is daar waar mens iemand BUIE DIE KERK met die liefde van God bedien. Die Koninkryk van God is nie iets wat op een plek of tyd bestaan nie – dis iets wat KOM elke keer wanneer God se liefde iemand aanraak wat dit nie voorheen bereik het nie.

As jy Jesus volg, is dit waaruit jou godsdienst moet bestaan – om die pad saam met Hom te loop!
Wanneer begin ek 'n pad met Jesus loop? Voor my geboorte, hopelik! Jou pa en ma is lief vir mekaar, en hulle is lief vir die Here, daarom **besluit** hulle om 'n kind te hê wat hulle SAAM kan grootmaak. Sonder God? Dan is dit vir mense net te maklik om sommer met enigiemand 'n baba te he, sonder om dit voor die Here op die regte manier te doen.

So: jy word gebore in 'n gesin/familie waar liefde is en waar goeie maniere en standarde geld. Jou pa en ma is nie die hele tyd dronk, en vloek op mekaar, en vloek en skel jou, en baklei met ander nie. Hulle verkoop nie sommer jou klere omdat hulle wil drank hê nie. Hulle dink nie net aan hulleself nie, hulle wil ander mense insluit in die Koninkryk!

Volgende – word jy gedoop! Baie, baie belangrik! God kom eis jou op! God kom se vir jou ouers – julle se julle is Christene? Dan hou ek julle daaraan dat julle hierdie seuntjie as myne grootmaak. Julle besluit nie iets oor hom of haar voordat julle met my daarvoor kom praat het nie! En julle leer vir haar dat ek vir haar lief is! Onthou, hierdie kind is myne – en dis julle werk om haar dit te leer en te wys! Ek gaan kyk hoe julle met haar maak!

So: mamma en pappa leer vir jou van die Bybel, dat jy aan God behoort. Dat Hy vir jou lief is. Hulle leer vir jou om kerk toe te gaan, hulle leer vir jou dat mens nie sonder die Here leef nie. Jy doen eers dinge as jy seker gemaak het dit is wat God wil he! Daarom bring hulle jou ook kerk toe en katekisasie toe.

Volgende? Een of ander tyd moet jy antwoord. Tot nou toe het God met jou gepraat van voor jy gebore is. Hy het met jou gepraat nadat jy gebore is, by die doop, en elke keer dat jy gehoor het dat die Bybel gelees word, elke keer wanneer jyself gelees het. Elke keer as jy katekisasie het, praat God met jou, by die kerk praat God met jou!

Mens antwoord deur gebed, jy antwoord deur vir die Here te se dat jy vir Hom lief is, jy antwoord deur te doen wat Hy vra, deur dinge te doen NADAT jy seker gemaak het dis wat Hy wil he.

En dan: dan moet jy grootword voor God. Jy moet by die punt kom waar jy self voor God staan, waar jy oud genoeg is om te se dat jy ook **God se koninkryk sal neem na mense wat nog nie deel is daarvan nie**. Jy moet vir God en die hele wêreld kan se: ek glo in Jesus Christus – ek is sy dissipel en ek sal hom volg. Mens noem dit: BELY

BELY beteken om iets hardop voor ander mense te se.

Nadat mens katekisasie gedoen het, dan mag mens vra om 'n volwasse lidmaat van die gemeente te word, wat beteken dat jy se dat jou geloof in Jesus is vir jou so belangrik dat jy Jesus wil volg en die Koninkryk van God sal neem na diegene wat ver van God is.

OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF: Stephan Redpath het gevra om dit te doen, so ons gaan vandag vir hom die kans gee om dit te doen.

Stephan, kom asb vorentoe. Kom ons staan almal en bely hardop saam ons **algemene geloof**.

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die
almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds
gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van
die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

Stephan, jy het die kerkraad oortuig dat jy Jesus Christus as persoonlike Verlosser aanvaar het.

Antwoord asb die volgende vra hardop voor die mense, antwoord asb na elke vraag wat ek jou gaan
vra:

Aanvaar jy die Bybel as God se Woord vir ons?

Aanvaar jy die leer van die Bybel soos ons dit in die NG Kerk verstaan en dit in ons belydenisskrifte
opgeskryf is?

Beloof jy dat jy Jesus altyd sal liefhe en sal dien?

Beloof jy dat jy Jesus voor almal sal erken en bely as die Enigste Verlosser en Saligmaker?

Beloof jy om 'n aktiewe lid van hierdie gemeente te wees?

Verklaar jy dat jy Jesus wil volg en saam met Hom wil werk aan die uitbrei van God se Koninkryk?

Hiermee verklaar ek dat Stephan Redpath nou 'n belydende lidmaat van die NGK Kraggakamma is.

Gemeente - Stephan is nou 'n lidmaat, en dit beteken hy staan nie alleen nie. Ons is saam met hom
in die kerk om hom te help om sy beloftes uit te voer. Dit beteken ons moet vir hom en mekaar bid.

Ouers en kerkraadslede na vore, asook Diederick. Gelukwensinge

Kom ons sing: Na belydenis van geloof:

o I believe in Jesus

Gebed

Is dit nou waar geloof ophou, by openbare belydenis en sekerheid dat jy hemel toe gaan?

Nee, nee, nee! Die gevaarlikste ding vir die kerk is dat 'n mens dink dis genoeg. Dat mens so seker is van jou plek in die hemel dat jy vergeet **hoekom jy eintlik hier is**. Die gevaarlikste ding vir die kerk is om te dink dat kerk gaan **oor die goed wat ons as gemeente saam doen of vir mekaar doen!**

Godsdien gaan nie oor geloofsekerheid nie! Agv die kerkgeskiedenis het ons vir eeue daarby vasgesteek asof dit is waaroor kerk gaan! Dis die duiwel se beste tool op hierdie stadium – laat mense dink **geloofsekerheid en persoonlike groei is waaroor godsdien gaan**. Geloofsekerheid en persoonlike groei wat nie die Koninkryk van God na mense wat ver van God se liefde is, neem nie, is niks anders as selfliefde en selfbelang en selfsug nie.

Geloof gaan maw verder daaroor dat ons moet uitvind – waar wil God he moet ons saamwerk as gemeente om die Koninkryk van God te neem na diegene wat dit nie het nie. Daarom het ons mekaar nodig. SAAM moet ons luister waar God ons kragte wil aanwend. Saam moet ons mekaar herinner dat dit nie oor jou en my gaan nie. Ons ken mos klaar vir Jesus. Ons moet mekaar herinner en help om die Koninkryk van God te bring waar die mense dit die nodigste het. Daarom het ons selgroepe, GETUIENISAKSIES, en 'n kerkraad om ons as gemeente daarmee te help. Die **kerkraad** moet die wil van God soek vir die gemeente, hoor waar ons die Koninkryk moet laat **kom**.

Stephan Redpath se pa, Tommie, word vandag bevestig as 'n kerkraadslid. Tommie na vore geroep.

Tommie: Jesus het ons geleer om sy voorbeeld te volg. Die gemeente het 'n kerkraad nodig om toe te sien dat ons nie doen wat ons dink belangrik is, of dat ons, soos gemeentes van die begin af, verval in selfsug en sg diens aan onself nie. Jy is gekies tot die ouderling van die gemeente, wat beteken dat jy, saam met die ander ouderlinge, veral moet toesien dat die hele gemeente gehoorsaam is aan Jesus. Jy het reeds vir ons gese dat jy bereid is om hierdie belangrike en moeilike werk te doen. Gehoorsaamheid aan die Here is NIE vir sissies nie. Jy sal ook die duiwel moet teenstaan, want hy wil graag die kinders van die Here se aandag aftrek van hulle taak om die Koninkryk van God na ander te neem.

Antwoord asb op elke vraag sodat ons kan hoor dat jy bereid is om gehoorsaam te wees aan God.

Glo jy dat die Here self jou deur die gemeente geroep het tot hierdie amp?

Beloof jy om Jesus te gehoorsaam in jou amp, en nie die goedkeuring van mense te soek nie?

Beloof jy om getrou te wees in jou roeping om die Koninkryk van God te laat kom vir diegene wat nog buite die Koninkryk is?

Beloof jy om geestelik om te sien na die gemeente – om as ouderling toe te sien dat die kerkraad, en die dominee, en die lidmate nie begin om geestelik in selfsug te verval nie, maar om Jesus se opdrag om die Koninkryk te laat kom, te gehoorsaam?

Jou antw?

Gemeente, die kerkraad is 'n gevaarlike plek om te wees. As dit nie is nie, is ons nie besig om gehoorsaam aan God te wees nie. Daarom moet ons almal vir die kerkraad bid. Want hulle is die mense wat vir die gemeente moet leiding gee oor hoe en waar ons ons roeping as gelowiges moet uitleef – waar ons die kragte wat God aan ons toegeken het, moet aanwend sodat Sy Koninkryk kan kom.

GEBED:

Lied: Na Tommie se bevestiging:

o Laat Heer U vrede deur my vloei

Prediking:

Mens voel oorweldig by die groot gawes wat God gee:

- Die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde het sy bestaan aan God die Vader te danke (15);
- Hy gee krag uit die rykdom van sy heerlijkheid (16)
- Hy gee Christus, wie se liefde van geweldige omvang is (18)
- Sy liefde gaan alle verstand te bowe (19)
- Die kerk as sy liggaam word heeltemal vervul met die volheid van God (19)
- Hy is in staat om baie meer te doen as wat ons bid of dink (20)

Mens deins eintlik terug by die aanhoor hiervan. Daar is niks vanselfsprekend aan die groot gawes wat ons ontvang nie. Dit is die wonderlikste, grootste geskenk denkbaar.

God het groot hande.

Vrug van God drie-enig se werk

Die kerk as vrug van God se werk is God se instrument in die wêreld. Die kerk is die manier waarop God in die wêreld aanwesig is om meer en meer mense na Hom te trek, en hulle as versoende gemeenskap saam te bind - aan Hom en aan mekaar.

Die Heilige Goddelike Familie - Vader, Seun en Heilige Gees - noi mense deur die verkondiging van die evangelie in verbondenheid met Jesus Christus in nuwe geloofsgemeenskap in (3:6) sodat hulle deel kan kry aan die wonderlike gawes wat die ruimhartige God belowe het.

Daarom beskryf Paulus die kerk as 'n familie. Dit is wat die woord gemeenskap (patria) in vers 14 beteken. God skep hierdie familie.

Paulus se gebed is dank aan Vader, Seun en Heilige Gees vir hierdie handeling en gawes. Sy gebed is dat die kerk ten volle sal ervaar en begryp wat dit beteken om so deur God oorlaai te word.

Die hele gebed veronderstel die werk van die drie-enige God. Die dinamika van ons verlossing, die wyse waarop dit mense insluit in nuwe gemeenskap, kan net die werk wees van 'n relasionele,

verhoudingsgedrewe Familie wat aan mense die onbeskryflike voorreg gee om deel te word van die Familie van God.

Daarom:

- kniel hy in gebed voor die Vader (14), en;
- bid dat die Gees die gelowiges innerlik sal versterk (16), en
- vra dat Christus deur geloof in ons harte woon en sy liefde die wortel en fondament sal word waaruit ons lewe (18).

'n Mens snap die roeping en die identiteit van die kerk baie moeilik as jy nie kliek dat die kerk gebore is uit die werk van die Goddelike Familie van Vader, Seun en Heilige Gees nie. Ons is die vrug van die lewende God se werk, voor Wie se aangesig ons lewe. Ons God is 'n sosiale God wat mense immer oor grense insluit in gemeenskap. Altyddeur word mense wat tans nie deel is van die familie van God nie saam met ons deel van die volk van God, lede van die liggaam van Christus, en kry hulle saam met ons deel aan wat God belowe het (3:6).

Onthou ons geboortemoment

Die kerk moet haar geboortemoment voortdurend onthou om op koers te bly. Ons kom voort uit die werk van God die Vader, in en deur die lewe, sterwe, opstanding en hemelvaart van ons Here Jesus Christus, deur die kragtige werk van die Heilige Gees. Dit stempel ons identiteit en rig ons roeping. Ons leef in die voortgaande dinamika en werk van hierdie God wat sy kerk steeds gebruik om hierdie skeppingsdoel uit te leef.

In baie mense se gemoed ontstaan verwarring oor die kerk as ons uitsig op ons geboortemoment verloor. Mense mag dink:

- die kerk is gebore uit 'n morele kode en moet bloot 'n stel morele waardes afdwing of bemark;
- die kerk is geroep om die bekende omgewing, die status quo, te beskerm en te bewaar;
- die kerk is bloot daar om sy lede te versorg;
- die kerk is bloot 'n geestelike vulstasie vir mense wat reeds deel is daarvan;
- die kerk is niks meer as kerklik-institusionele strukture nie;
- die kerk funksioneer net wanneer eredienste of formele kerklike programme en kommissie-vergaderings gebeur;
- die kerk is 'n warm lewensgemeenskap - vir sy lede.

Ons kan 'n lang lys van misverstande maak. Hoewel daar waarheidsmomente in hierdie misverstande mag steek, mis die dit kragtige dinamika van die leweskeppende God wat 'n greep op mense se lewens kry, met sy volheid in hulle woon, en die wêreld deur hulle vernuwe en genees onderweg na die volle inhoud van die beloftes wat God vir hulle weggeleê het.

Hoe God God se kerk bemagtig

God skep God se kerk en is deur God se kerk aanwesig in die wêreld. Hoe bemagtig God die kerk om vanuit gemeenskap met God as lewensveranderende gemeenskap in die wêreld te lewe?

God gee krag

God bekragtig eerstens God se kerk (16). Deur die werk van die Heilige Gees word die kerk innerlik versterk om God se wil te doen. Die wil, begeerte, moed en deursettingsvermoë om God se wil te doen, kom van God. Ons word deur Paulus se voorbeeld aangemoedig om voortdurend te bid vir hierdie krag.

God gee geloof

Christus kry deur geloof 'n woonplek in ons harte, sodat Christus deur ons geken en uitgestraal word. Hierdie inwoning van Christus is iets waarvoor ons moet bid en wat ons as gawe moet omhels.

God gee liefde

Ons word ook geleer om te bid vir die liefde van God in ons, sodat ons in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Hy bid vir 'n ervaring van hierdie liefde, dat ons dit nie net met ons verstand sal begryp nie, maar met ons hele wese sal ervaar. Sy gebed is dat die volheid van God in ons sal lewe, dat ons daarmee vervul sal word.

Leef vanuit 'n Godsbelewenis

Om ons roeping as kerk kan nie uit eie krag vervul word nie. Ons het nodig om God te beleef. Ons het nodig om God se oorvloedige gawes te beleef. Ons het nodig om God se liefde te beleef.

Tony Campolo vertel dat hy elke oggend wanneer hy wakker word, bid vir 'n Godservaring. Hy bid om te beleef dat die Here hom liefhet. Van kop tot tone liefhet. Hy bid dat die Here hom deur die dag die ervaring sal gee dat God met hom is en hom vervul. Hy bid dat die Here hom sal gebruik.

Dit het sy lewe verander. Sy gemeente bid elke dag hierdie gebed. Dit het sy gemeente verander.

Slotlied: God is Liefde

Seën